# Potchefstroom Brand Beskerming Vereniging

## HANDLEIDING VIR GEBIED EN WYKSHOOFDE

6 DE UITGAWE 2021



# <u>Voorwoord</u>

*Min mense kan daarin slaag om die toekoms reg te voorspel. Moderne tegnieke om die toekoms reg te voorspel was nog nooit suksesvol nie. Dit is nog nie vir die mens moontlik om al die veranderlikes in ag te neem en die uitwerking daarvan te voorsien nie. Droogtes , vloede, veldbrande is gebeurtenisse wat enige sogenaamde betroubare voorspelling ongeldig kan maak.*

*Daar is egter verskeie metodes waarop die mens homself kan voorberei om aan die eise van die toekoms te voldoen. Een hiervan is om as landelike inwoner en grondeienaar saam te staan op ñ georganiseerde basis en gesamentlik oplossings vir ons probleme hetsy, natuur of mens gemaak te vind.*

*In ons organisasie van "Rampbestuur Potchefstroom" wil ons juis streef na voortuitgang in ons pro- en postaktiewe optrede met die krisisse wat die lewe voor ons mag lê.*

*Remember that you have been chosen as a leader in your community. You can only be successful if everybody in that community has a positive attitude. Your attitude as a leader will determine the attitude`s of those under your leadership in your area. Treat your community with respect and dignity.*

*Mag hierdie handleiding vir u as gekose leier help in die uitvoer van al u pligte om alle krisisse en ramptoestande in u gebied die hoof te bied.*



Kobus Roux (Ph.D)


# INLEIDING

*DIE INHOUD VAN HIERDIE HANDLEIDING IS OOR JARE SAAMGESTEL EN GESKRYF DEUR PERSONE WAT HUL HELE WESE AAN DIE ORGANISASIE GEGEE HET. DIE IDEE HET ONTSTAAN BY DIE BEGINSELS VAN BURGERLIKE BESKERMING IN DIE SEWENTIGER JARE. SO IS DIT AANGEPAS EN VERANDER DEUR DEMOKRASIË HEEN TOT VANDAG.*

*DIE INHOUD IS GESKAAF EN GETOETS DEUR DIE JARE EN AANPASSINGS WORD VOORTDUREND GEMAAK OM BY ONS HUIDIGE SITUASIE AAN TE PAS.*

*HIERDIE HANDLEIDING WORD DAN NOU OPGEDRA AAN ALLE PERSONE WAT Ñ AKTIEWE EN PASSIE VOLLE ROL GESPEEL HET OM SY/HAAR MEDEMENS BY TE STAAN EN TE HELP IN TYE VAN NOOD EN RAMP. Ñ SPESIALE DANK AAN ELKEEN WAT MANHAFTIG OPGETREE HET IN GEVAARLIKE SITUASIES EN ANDER EERSTE GESTEL HET.*

*ONS DINK AAN HULLE WAT DIE HOOGSTE PRYS BETAAL HET VIR DIENS AAN SY OF HAAR MEDEMENS...*



# HOOFSTUK EEN

## BBV POTCHEFSTROOM

1. **NAAM:**

   Die naam van die Gebied organisasie is:

   **“POTCHEFSTROOM BRAND BESKERMING VERENIGING ”.**

**WAPEN:**

Die amptelike wapen van die organisasie is ñ rooi sirkel met ñ pers driehoek binne-in wat die amptelike wapen van Rampbestuur Suid Afrika is. Bo-aan die wapen is die landsvlag met “Potchefstroom” daaroor geskryf. Regs van die wapen is ñ vyf punt ster wat die vyf kriteria aandui wat ons behartig. Direk agter die ster is ñ swart leer wat aandui dat ons altyd na hoër hoogtes streef. Onder is ’n Renoster wat die natuur se natuurlike brand bestryder is. Links is ‘n brandweer kraan wat dui op die samewerking tussen ons en alle ander nooddienste.

2. **GODDELIKE ERKENING:**

   Die organisasie erken dat die Goddelike Seën onontbeerlik is in sy poging om ’n suksesvolle, doelgerigte diens te lewer.

3. **OMSKRYWING:**

   “Brand Beskerming Vereniging Potchefstroom” is ’n organisasie wat bestaan uit verskillende GEBIEDE waarvan die grense afgebaken is binne die breër grense van die Gebied wat die Munisipale distrik van JB Marks uitmaak.

a. ’n Gebied is vir die doeleindes van hierdie konstitusie ’n afgebakende Gebied wat weer opgedeel is in afgebakende Wyke. Die Gebied vorm ’n integrale deel van die doeleindes van die BBV Potchefstroom.

b. ’n Wyk is vir die doeleindes van hierdie Konstitusie ’n afgebakende Gebied wat bestaan uit ’n aantal plase en hoewes wat weer ’n integrale deel vorm van die Gebied.

c. Persone wat in die dorp woonagtig is val in by die gebied van hul keuse tot daar ’n spesifieke wyk in die dorp daar gestel word.

## 4. DOELSTELLINGS:

a. Om die bevolking van Potchefstroom distrik (hoofsaaklik landelik) te organiseer in ŉ organisasie wat sal dien as enigste spreekbuis en aksie liggaam ten einde probleme van gemeenskaplike belang soos natuur of mens gemaakte rampe op georganiseerde basis aan te pak en op te los in samewerking met die wettige owerheid van die dag.

b. Om die menings van die lede in die organisasie se Gebied te koördineer oor sake van algemene en / of van besondere belang met inagneming van die belange van die bevolking as geheel.

c. Om met die inagneming van die magte en regte van hierdie organisasie met ander volksgroepe en organisasies saam te werk en enig iets te doen ter bevordering van ’n gesonde en stabiele huishouding.

d. Om waar nodig in tye van noodtoestande hetsy natuurlik of mens gemaak op te tree ter beskerming van mens en diere lewens asook eiendomme, lande en weiding.

## 5. FINANSIES:

BBV Potchefstroom beskik oor ‘n doeltreffende finansiële sisteem. Ons is uitgereik met ‘n NPC, NPO, GSD sertifikate en word jaarliks geoudit.

## 6. LIDMAATSKAP:

a. Lidmaatskap van die organisasie is oop vir elke landelike of stedelike inwoner van die gebied soos plaasbestuurder, met keuring deur die bestuurder afgebaken, hetsy eienaar, huurder, bywoner of okkupeerder.

b. ŉ Aansoekvorm vir lidmaatskap moet voltooi word ten einde lidmaatskap te verkry van BBV Potchefstroom.

c. Persone wat in ander Gebiede woon, maar eiendom besit of huur in genoemde Gebied sal ook kan aansluit as lid en sodoende kwalifiseer vir alle voordele wat die organisasie bied.

d. Lidmaatskap van die organisasie is ’n voorreg en kan deur die bestuur toegestaan, geweier of beëindig word waar daar volgens die mening van die bestuur billike gronde vir sodanige handeling is.

e. Die finale beslissing berus egter by die voorsitter.

f. Die organisasie is -apolitiek en sal geen politieke konnotasies met enige party geduld of aanhangig gemaak word nie.

g. Geen ander organisasie sal binne ons raamwerk geakkommodeer word nie, behalwe waar daar so ŉ behoefte ontstaan en dit tot die uitbreiding en positiewe voortbestaan van die PBBV sal aanleiding gee en ons organisasie slegs daarby sal baat vind.

h. Dit staan enige lid vry om aan ander groepe te behoort bv. Landbou unies ens. maar mag geen invloed op die huidige organisasie se konstitusie hê nie. Lidmaatskap aan ander organisasies wat ons beeld mag leed aandoen in watter geval ook al sal lei tot die opheffing van sodanige lid se lidmaatskap aan die BBV Potchefstroom.

i. Geen persoon wat aan die hoof staan en/of ʼn uitvoerende posisie beklee by enige organisasie wat in kontras is met ons konstitusie mag:

I. Ñ uitvoerende lid wees nie
II. Mag nie dien as gebied of wykshoof nie
III. Mag op geen sub komitee dien soos wat mag voorkom nie.

## 8. ALGEMENE BEPALINGS INSAKE STEMREG EN STEMPROSEDURE:

a. Elke Wyk sal een stemgeregtigde lid hê naamlik die Wykshoof en/of Sekundi soos aangewys deur die Wyk.

b. Die stem bevoegdheid sal op geen manier oordraagbaar wees ten opsigte van enige vergadering van die organisasie nie.

c. Verkiesing tot vulling van die ampte sal per geslote stem brief geskied of per hand mits twee derde van die vergadering so besluit.

d. Die persone teenwoordig by die verkiesings vergadering sal geag word as verteenwoordigend van die gemeenskap of bestuur en sal ʼn meerderheid stem van 50% plus een dien as aanvaarding.

e. Sou enige persoon besluit om te bedank uit die bestuur om watter rede ook al sal die persoon vir ʼn tydperk van twee jaar nie weer tot die amp of enige ander amp in die bestuur verkies mag word nie.

f. Tydens gebiedshoof en wykshoof verkiesings word dieselfde prosedure gevolg as met die dag bestuur verkiesings.

g. Enige ampsdraer wat deur watter rede ook al van sy/haar pos verwyder word sal vir ʼn tydperk van vyf jaar nie weer ʼn amp posisie mag vul nie. Na afloop van vyf jaar mag so ʼn persoon skriftelik ʼn skrywe aan die dagbestuur rig vir hertoelating of ter syde stelling van sy/haar verwydering uit ʼn bestuur posisie.

## 7. DIE BESTUUR VAN DIE ORGANISASIE:

a. Die sake van die organisasie word behartig deur die dag bestuur wat elke vyf jaar op die Algemene Jaarvergadering met 'n meerderheid van stemme gekies word en bestaan uit:
   i. Voorsitter
   ii. Visevoorsitter
   iii. Kommunikasie hoof
   iv. Strategiese Beplanning
   v. Gebiedshoofde
   vi. Wykshoofde
   vii. Tesourier en sekretaresse word nie verkies nie maar aangestel.

b. Die Dagbestuur sal bestaan uit die Voorsitter, Visevoorsitter, Kommunikasie hoof, Strategiese beplanner, Sekretaris-/esse en Gebiedshoofde en / of gekoöpteerde lede en slegs spoedeisende sake sal afgehandel word.

c. Ter wille van “CIPC” is daar ook ‘n raad van direkteure aangestel vir die doel.

d. Die Bestuur dien vyf jaar, maar is herkiesbaar. Vakatures wat ontstaan deur die loop van die jaar kan bewyse van koöptering aangevul word.

e. Kworum van Bestuur vergaderings bestaan uit die meerderheid van die lede van die bestuur dus 50% +1.

f. Afwesigheid van twee vergaderings agtereenvolgend sonder verskoning of aanneemlike verskoning aan die Voorsitter of sekretaris laat lidmaatskap ipso facto beëindig.

g. Enige amp draer wat sy wyk, groep of die organisasie se beeld skade aandoen om watter rede ook al sal summier deur die voorsitter of bestuur in sy afwesigheid van enige komitee of sub komitee verwyder.

## 8. MAGTE EN PLIGTE VAN BESTUUR:

a. Toe te sien dat die take uitgevoer word soos deur konstitusie bepaal en deur Algemene Vergadering opgedra word.

b. Dringende sake af te handel.

c. Opdragte nougeset uit te voer: Indien 'n opdrag sodanig bots met die opvatting van die ampsdraer of van die bestuur dat hulle nie kans sien om uit te voer nie behoort die ampsdraer of bestuur te bedank.

d. Vergader soos die Voorsitter verlang of wanneer versoek deur ten minste twee lede van die bestuur.

## 9. DAG BESTUUR:

**a. Samestelling:** Die Algemene Vergadering sal bestaan uit

i. Die Voorsitter.
ii. Die Visevoorsitter
iii. Kommunikasie hoof.
iv. Strategiese Beplanning
v. Sekretaris / – esse.
vi. Tesourier en/of Finansiële komitee Voorsitter
vii. Die Gebiedshoofde van alle in geskakelde Gebiede.
viii. Wykshoofde

**a. Kworum:**

’n Kworum van ’n Algemene Vergadering sal bestaan uit die helfte van die werklike getal stemgeregtigdes + een.

**b. Vergaderings:**

i. Die Algemene Vergadering (Dagbestuur) sal minstens vier keer per jaar vergader met minstens veertien dae kennisgewing.

ii. Die Algemene Jaarvergadering word elke jaar gedurende Februarie gehou of soos deur die bestuur bepaal ten einde ampsdraers vir die volgende jaar te kies, asook die verslag van die Voorsitter te oorweeg. Op elke vergadering sal ook elke Gebiedshoof skriftelik ’n kwartaal verslag moet voorlê vir oorweging.

**c. Magte, bevoegdhede en pligte:**

a. Komitees aan te wys om sake van belang te ondersoek.

b. Ampsdraers vir die organisasie te kies.

c. Grense van die Gebied vas te stel en oor gevalle met meriete uitsluitsel te gee.

d. Wyke wat wil inskakel se grense goed te keer.

e. Enige sodanige handelwyse aangaan of aksie verrig wat nodig is vir verwesenliking van die organisasie se doelstelling.

**12. WYSIGING VAN KONSTITUSIE:**

Hierdie konstitusie kan alleen gewysig of toevoegings gemaak word as:

a. Kennis van die voorgenome vergadering moet op 'n voorafgaande Algemene Jaar Vergadering gegee word en in kennisgewing van vergadering gemeld word.

b. Die verandering van die konstitusie word deur twee derde van die lede teenwoordig gedoen

c. Die aanwesige lede op 'n Algemene Vergadering beslis oor enige saak waarvoor geen voorsiening in hierdie konstitusie gemaak is.

**10. ONTBINDING:**

a. Die Organisasie kan ontbind word deur 'n besluit aangeneem deur minstens twee derdes van die totale getal lede van die Algemene Vergadering teenwoordig in eie persoon op 'n vergadering spesiaal vir hierdie doel byeengeroep.
b. Sien die BBV se konstitusie oor die prosedure sou die organisasie ontbind.

# HOOFSTUK 2

## UITEENSETTING

### BBV POTCHEFSTROOM VRYWILLIGERS HANDLEIDING MET RIGLYNE

**1. INLEIDING:**

Die Potchefstroomse platteland is gedesentraliseer sodat die Gebiedshoof as koördineerder en Voorsitter van die Gebiedsbestuur dien. Die Gebied is in sewe Subgebiede (Roepgroepe) ingedeel, wat weer in Wyke onderverdeel is. Aan die hoof van Roepgroep 1 – 7 staan 'n Gebiedshoof, L 1 – 7. Die Gebiedshoof (Lima) en die Wykshoofde (W's) wat onder hom / haar ressorteer, is inderdaad die belangrikste administrateurs en ampsdraers in die PBBV organisasie. Die Wykshoof skakel voortdurend met sy Gebiedshoof en sy Wykslede. Die Gebiedshoof klaar probleme en onduidelikhede met die Voorsitter uit. Die Gebiedshoof doen verslag oor die Roepgroep en Wyke wat onder hom ressorteer aan die Voorsitter, sodat laas genoemde op die hoogte kan bly met wat in die gebied aangaan. Die Gebiedshoof reël sake in die Subgebied wat onder hom val. Die Wykshoof moet verslag doen aan die Gebiedshoof en die aan die Gebiedsbestuur. Die Wykshoofde en die Gebiedshoof van elke Roepgroep dien op die Gebiedsbestuur wat gewoonlik kwartaalliks vergader. U moet gereeld aan radiokontrole deelneem.

Onthou alle grond-eienaars en bewoners binne u Wyksgrense moet by Rampbestuur betrek word, nie net die mense wat radio's besit nie.

**2. PBBV IN SUBGEBIEDE (ROEPGROEP):**

Die Gebied van Potchefstroom BBV is in sewe subgebiede ingedeel. Aan die einde van elke tweede jaar kies die Wykslede op die laaste vergadering van daardie jaar of op die eerste vergadering van die volgende jaar 'n Wykshoof en 'n Wyksbestuur. Al die Wykbesture van 'n spesifieke Roep groep vergader nadat die Wyk reorganisasies afgehandel is en verkies dan weer 'n Gebiedshoof vir daardie Roep groep.

Hier volg die indeling van die Roep groepe:

## 2.1. ROEPGROEP 1

| Roepgroep 1: Noordwestelike Deel | RG 1 HX |
|---|---|
| Muiskraal 129, Muiskraal 127, Kiel 128, Bietjiesrus 632, Turffontein 126, Gerhardminnebron 139<br><br>Droogegrond (Stuk grond) 136, Du Toitspruit 137, Katdoornbosch 138, Buffelsvlei 383 wes van die Mooirivier, Witkoppies 382, Oudedorp 376 wes van die Mooirivier, Witstinkhoutboom 440 oos van die Ventersdorppad (AG), Welgegund 375 oos van die Ventersdorppad (AG), Wildebees 374 oos van AG, Syferkuil 124, Syferkuil 133, Syferkuil 134<br><br>Buffelsvlei 383 oos van Mooirivier, Naauwpoort 385 (Naschem en Laerskool Naauwpoort ingesluit), Oudedorp 376 oos van Mooirivier (Koloniesplaas ingesluit)<br><br>Terra Mena 432, Witrand 425, Vyfoek 428 noord van die Inryteater pad (AAD), weerskante van die Carletonville pad (AA), Charl Bekker en Manie Geyer uitgesluit | |

| Roepgroep 1B: Westelike Deel, wes van Eleazerpad | RG 1B HX |
|---|---|
| Rooipoort (29) 354, Kromdraai wes 352, rietkuil 378, Rietkuil 379, Weermag gronde, Welgegund, Wilgevonden, Etta, Modderfontein. | |

### 2.2 ROEPGROEP 2

| Roepgroep 2: Noordoostelike Deel | RG 2 HX |
|---|---|
| Weerskante van die Johannesburgpad (AB) en Vereenigingpad (ABM): Vyfhoek 428, Rietfontein Noord 427, Hartebeesfontein 437 tot teen Rante, Witpoort 419 en Palmietfontein 410, Klipdrift Nedersetting 422, Nooitgedacht noord 426, Zandfontein (Witkoppiesfontein) 392, Stompoorfontein 391, Boschhoek 393, Klipdrift (Bankdrift 395, Vlakfontein 397<br>Weerskante van die Carletonville pad (AA) tot teen Fochville spoor:<br>Mooivallei en Sanitas Landbouhoewes, Vyfhoek 428<br>Weerskante van die Modderdam (ACD):<br>Vyfhoek Noord 428, Vyfhoek Suid, Rietfontein 434, Turfvlei en Modderdam Kleinhoewes | |

### 2.3. ROEPGROEP 3

| Roepgroep 3: Suidoostelike Deel | RG 3 HX |
|---|---|
| Hartebeesfontein 437 suid van die Rante, Syferfontein 438, Rietfontein 441, Rietfontein 446, Rietfontein 447, Hartebeespoortjie 451, Zevenboom 450 en Grootfontein 466; Leeuwfontein 485, Rooipoortje oos (19) 453 en Buffelskloof 511<br>Kruitfontein 465, Tygerfontein 488, Smal In De weg 507, Nooitgedacht oos 508, Kromdraai oos 509, Rooderand 510, Uitval 00s 487, Buffelskloof 483, Klipfontein 505, Grootedrif 199, Prinsloosrust 489, Plessiskraal 464, vogelzang 467, Roodekraal 454, Haaskraal 460 & 490 noordelike gedeeltes oos van Mooirivier, Haaskraal 462, Haaskraal 463 en Haaskraal 468 (Smithfield ingesluit), Elandsheuwel 436 suid van die Paryspad, Wilgeboom 458 | |

## 2.4. ROEPGROEP 4

| Roepgroep 4: Suidwestelike Deel | RG 4 HX |
|---|---|
| Hoogekraal 446 hoewes en plase, Taaiboschbult 497, Walkraal 489, Elbrinxen 493 oos van Mooirivier, Haaskraal 490 oos Mooirivier en suid van Rooikraalspruit (Westelike Kontant-Winkel ingesluit), Hessie 386, Droogespruit 416 (New Machavie), Scalene 412, Byl 421, Kareerand noord 444, Kiepersol 481, Kromdraai suid 420, Mullersvlei 494, Uitval wes 418, Welgevonden 417, Du Preez 491 wes van Mooirivier, Elbrinxen 495 wes van Mooirivier, Haaskraal 490 wes van Mooirivier, Landbouhoewes en plase geleë op Harpington 461, Proefplaas geleë op Town & Townlands of Potchefstroom 435, Landbouhoewes en plase geleë op Haaskraal 462, Mooibank Kleinhoewes, The Lakes, Dorpgrond 459, gedeelte van Matlwang, Nooitgedagt, Eleazer, Syferfontein, Hessie, Rietfontein. | |

## 2.5 ROEPGROEP 5

| Roepgroep 5: Noord-Vrystaat |
|---|
| Hierdie gebied grens tot by die Renosterspruit (Suid). Sluit in: Makstruisvogel, Riverside, Renovaal, Modderfontein, Pelgrimsryst, Van Kollersfontein, Vermont, Bodeskraal en alle gedeeltes tussen in. |

## 2.6 ROEPGROEP 6

| Roepgroep 6: Verre Oostelike deel |
|---|
| Die gedeelte is geleë vanaf die Koepel aan die Noorde kant van die Parys-Potch. pad tot teen Parys. Oos is hy geleë teen die Vereniging pad tot by die Fochville kruising. Die gebied sluit in: Rietpoort, Brakfontein, Buffelshoek 471, Wonderboom 473, Witkop, Rietfontein 446, Modderfontein 445, Lindequisdrif en omgewing, Smiling thru. |

## 2.7 ROEPGROEP 7

| Roepgroep 7: Vredefort Koepel gebied. |
|---|
| Die koepelgebied is direk suid van die Paryspad tot teen Parys gebied maar sluit ook die eiland in. Die gebied bestaan uit: Grootfontein 466, Koedoesfontein 478, Koedoeslaagte 516, Koppieskraal 517, Buffelskloof 511, Rooibrand 510, Hoogerand 610, Deelfontein 15, Dampoort 699, Edenvale 40, Diepsloot 118, Koppiesdam 434 |

## 2.8 ROEPGROEP 8

**Hierdie is 'n groep wat tydelik ingestel is. Dit beslaan 'n deel van Ventersdorp. Daar word egter tans gepoog om die gedeelte weer by Ventersdorp te laat inskakel.**



**3. ORGANIGRAM:**

**BRAND BESKERMING VERENIGING POTCHEFSTROOM**

↓

VOORSITTER

↓

VISE VOORSITTER

↓

DISSIPLINES

- admin
  - KOMMUNIKASIE
  - SEKRETARIAAT
  - TESOURIE
- Operasioneel

7 GEBIEDE IN POTCHEFSTROOM

WYKE IN POTCHEFSTROOM

| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 QO | 7 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 6 | | 17 | 50 | 1 | 70 |
| 2 | 7 | | 18 | 51 | 2 | 71 |
| 3 | 8 | 13 | 19 | 52 | 3 | 72 |
| 4 | 9 | 14 | 30 | 53 | 4 | 73 |
| 5 | 10 | 15 | 31 | 54 | 5 | 74 |
| 25 | 24 | 16 | 32 | 55 | 6 | 75 |
| 26 | 28 | 20 | 37 | | 7 | 76 |
| 27 | 29 | 21 | 38 | | | |
| 40 | 33 | 22 | | | | |
| (43) | 34 | 23 | | | | |
| | 35 | 36 | | | | |
| | 11 | 39 | | | | |
| | 12 | 41 | | | | |
| | 42 | 44 | | | | |

# HOOFSTUK 3

## PLIGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE VAN WYKSHOOFDE

### 4. WYKE:

**Alle doen en late in die wyk moet te alle tye met die medewete van die gebied hoof plaasvind.**

### 4.1. WYKSBESTURE:

'n Wykshoof mag in sy/haar wyk 'n klein bestuur aanwys wat hom/haar help met sekere take in die wyk.

### 4.2. PLIGTE VAN DIE WYKSHOOF:

Die Wyksbestuur onder, Voorsitterskap van die Wykshoof, behartig die volgende:

1. maak opnames van alle plase, hoewes, wonings, bedrywe, inwoners in die Wyk;

2. maak opnames van bronne vir brandbestryding, kommunikasie, nood behuising, nood voedselvoorsiening, noodhulp, verkeerbeheer, vervoer;

3. antisipeer, voorspel en evalueer moontlike natuurlike en mensgemaakte bedreigings en rampe;

4. identifiseer kundiges wat in u Wyk woon (byvoorbeeld Elektrisiëns, dokters, veeartse, weerkundiges ensovoorts);

5. betrek inwoners en skryf hulle in as lede;

6. stel noodplanne op om 'n ramp te hanteer;

7. terugvoering na die gewone lede te gee en met hulle te kommunikeer.

**4.2.1. BRANDBESTRYDINGSKOÖRDINEERDERS:** Kan ook die wykshoof wees.

Die Brandbestrydings koördineerder is nie self alleen verantwoordelik vir brand-bestryding nie, dog hy tree op as koördineerder vir die bestryding van veld-, huis- en skuur brande in sy Roep groep. Hier volg riglyne van die pligte en take vir die Brand-bestryding koördineerder in die Roep groep. Dit kan verander of uitgebrei word na gelang van omstandighede. Elke Wykshoof is ook 'n Brand koördineerder in sy Wyk.

1. Koördineer met alle Wyks besture in sake brandbestryding.

2. Maak 'n opname van alle beskikbare bronne vir brandbestryding in die Gebied, d.m.v. die Wykshoofde.

3. Koördineer brandbestryding tydens noodtoestande.

4. Registreer gebeure tydens brandbestryding hulp verlening.

5. Doen gereeld verslag oor brandbestryding aangeleenthede aan die Gebiedsbestuur, Potchefstroom Nood- en Rampbestuur.

6. Werk 'n plan van aksie *(modus operandi)* saam met die Wykbesture uit en lê dit voor aan die Roep groep bestuur.

7. Gee voorligting aan Wykslede.

8. Reël brandbestryding planne in die Wyk.

9. Koördineer brandbestryding planne Roepgroep bestuur.

**4.2.2. <u>VERVOER:</u>**

Die Wykshoof koördineer vervoer in die Wyk. Hier volg riglyne van die pligte en take ten op sugte van vervoer. Dit kan verander of uitgebrei word na gelang van omstandighede.

1. Koördineer met Wyksbestuur in sake vervoer.

2. Maak 'n opname van alle beskikbare bronne vir vervoer in die Wyk.

3. Koördineer die vervoer van hawelose mense, toerusting, uitrusting, nood spanne, noodrantsoene.

4. Registreer gebeure tydens nood vervoer.

5. Doen gereeld verslag oor vervoeraangeleenthede by die Gebiedshoof.

6. Werk 'n plan van aksie *(modus operandi)* saam met die Wyksbestuur uit en lê dit voor aan Roep groep bestuur.

7. Gee voorligting aan Wykslede.

### 4.2.3. <u>NOODVERSORGING:</u>

1. Die Wykshoof tree as koördineer op. Hier volg riglyne van die pligte en take. Dit kan verander of uitgebrei word na gelang van omstandighede.

2. Koördineer met die Wyksbestuur in sake nood versorging.

3. Maak 'n opname van alle beskikbare bronne vir nood versorging in die Wyk.

4. Koördineer nood versorging, voedselvoorsiening en versorging spanne vir hawelose tydens noodtoestande.

5. Registreer gebeure tydens nood versorging.

6. Doen gereeld verslag oor nood versorgings aangeleenthede aan die Gebiedsbestuur.

7. Werk 'n plan van aksie *(modus operandi)* saam met die Wykbestuur uit en lê dit voor aan die Roep groep bestuur.

8. Gee voorligting aan Wykslede.

### 4.2.4. <u>NOODBEHUISING:</u>

Die Wykshoof tree as koördineerder op. Hier volg riglyne van die pligte en take. Dit kan verander of uitgebrei word na gelang van omstandighede.

1. Koördineer met die Wyksbestuur in sake nood behuising.

2. Maak 'n opname van alle beskikbare bronne vir nood behuising in die Wyk.

3. Koördineer nood behuising van hawelose persone tydens noodtoestande.

4. Registreer gebeure tydens nood behuising.

5. Doen gereeld verslag oor nood behuisingsaangeleenthede aan die Gebiedsbestuur.

6. Werk 'n plan van aksie *(modus operandi)* saam met die Wyksbestuur uit en lê dit voor aan die Roep groep bestuur.

7. Gee voorligting aan Wykslede.


**4.2.5. NOODHULP:**

Die Wykshoof tree as koördineer op. Hier volg riglyne van die pligte en take. Dit kan verander of uitgebrei word na gelang van omstandighede.

1. Koördineer met die Wyksbestuur in sake noodhulp.

2. Maak ‘n opname van alle beskikbare bronne vir noodhulp in die Wyk.

3. Koördineer noodhulp, noodhulp spanne, nood ambulanse en nood poste vir beseerdes tydens noodtoestande.



4. Registreer gebeure tydens noodhulp.

5. Doen gereeld verslag oor noodhulp aangeleenthede aan die Gebiedsbestuur.

6. Werk ‘n plan van aksie *(modus operandi)* saam met die Wyksbestuur uit en lê dit voor aan die Gebiedsbestuur.

7. Gee voorligting aan Wykslede.

8. Reël noodhulp opleiding in die Wyk.

9. Skakel met die Roep groep bestuur.

10. Skakel met alle Ambulansdienste en Hospitale vir die afvoer van beseerdes.
    Ons is ingeskakel met ER 24. Werk noodplanne hierom uit.

11. Gee voorligting aan Wykslede.

**4.2.6. VERKEERBEHEER:**

Die Wykshoof tree as koördineer op. Hier volg riglyne van die pligte en take. Dit kan verander of uitgebrei word na gelang van omstandighede. Die persoon tree slegs op tot tyd en wyl ñ verkeersbeampte op die toneel opdaag, wat dan die toneel sal oorneem.

1. Reël en beheer van verkeer in noodsituasies.

2. Koördineer die Wyksbestuur in sake nood verkeerbeheer.

3. Maak ‘n opname van alle beskikbare bronne vir nood verkeer beheer in die Wyk.

4. Koördineer verkeerbeheer vir noodhulp spanne, nood ambulanse, vervoer van beseerdes en toerusting tydens noodtoestande.

5. Registreer gebeure tydens verkeerbeheer.

6. Doen gereeld verslag oor nood verkeer aangeleenthede aan die Subgebiede-

bestuur. Werk ‘n plan van aksie *(modus operandi)* saam met die Wyksbestuur ten opsigte van verkeerbeheer en alternatiewe roetes uit en lê dit voor aan die Gebiedsbestuur.

## 5. GEBIEDSHOOFDE (LIMA’S):

Die gebiedshoof van ñ roep groep is soos die naam dit sê: Die hoof van die groep. Die onderskeie gebiedshoofde word deur die wykshoofde van ñ gebied gekies. Sou die wyksbestuur dit verkies, kan die hele roep groep bymekaar kom en saam tot stemming oorgaan vir die aanwys van ñ nuwe gebiedshoof.

Die gebiedshoof kan ook deur die voorsitter aangestel word waar dit blyk of daar nie konsensus bereik kan word nie.

Die gebiedshoof kan slegs uit sy amp verwyder word deur ñ verkiesing, vrywillige bedanking of aflegging deur die voorsitter, wat as ñ uiterste of laaste uitweg geneem sal word.

Die gebiedshoofde word ook vir ñ tydperk van twee jaar aangestel waar daar weer in die gebied verkiesings gehou word vir die termyn van die daarop volgende twee jaar. Daar word nie ñ afsny datum geplaas op die termyne wat ñ gebiedshoof herkies kan word nie, tog moet hy/sy besef dat hy/sy vroegtydig die lede moet verwittig as so ñ persoon nie meer kans sien vir die werk nie.

## 6. GEBIEDSHOOFDE: (Pligte en verantwoordelikhede)

1. Die gebiedshoof is verantwoordelik vir die aanstelling van sy onderskeie wykshoofde met die goedkeuring van die voorsitter voor so ñ persoon in die amp bevestig word.
   ñ Wykshoof kan slegs van sy pligte onthef word mits dit voor die dagbestuur vir bespreking voor gelê word, waarop die voorsitter dit sal bekragtig of veto.
2. Die gebiedshoof voer pligte uit soos deur die voorsitter aan hom/haar opgedra.
3. Hy/sy tree ten alle tye op soos deur die riglyne van ons konstitusie bepaal.
4. Hy voer beheer uit oor die wykshoofde in sy gebied.
5. Hy/sy moet toesien dat pligte soos deur die voorsitter opgedra is tot uitvoering kom in sy/haar gebied.

6. Die gebiedshoof is verantwoordelik vir dissipline in sy gebied, tussen die wykshoofde asook die gewone lede in die geheel.
7. Hy/sy moet ñ volledige register hou van elke lid in sy gebied. Hierdie register moet met groot noukeurigheid bygehou word en moet as ñ baie belangrike dokument beskou word, m.a.w. die inligting daarop is van baie sensitiewe aard en is nie vir enig een se oë bedoel nie.
8. Hy/sy moet op ñ gereelde basis met sy wykshoofde kommunikeer sodat hy/sy op hoogte kan bly van enige tendens of gebeurlikheid in sy gebied wat dui op abnormaal.
9. Probeer so gereeld moontlik met u "oscar" stasies kommunikeer, sodat daar ñ wedersydse respek en trouens verhouding opgebou kan word en gehandhaaf word.
10. U moet toesien dat daar gereeld radio kontrole gehou word en moedig mense aan om dit getrou by te woon. Dit is vir hulle eie veiligheid.
11. Daar sal elke maand ñ maandverslag opgestel word en aan die sekretaris/esse besorg word via e-pos, faks, brief of per hand. Hierdie verslag moet alle insidente reflekteer wat tussen die 26ste van die maand en die 25ste van die daar op volgende maand in die roep groep plaasgevind het.
12. U moet toesien dat ons amptelike logo en uitkenningstekens nie misbruik word nie, en op te tree teen enige persoon wat hom skuldig maak aan sulke optrede of wangedrag. Ons het hard gewerk aan ons kentekens en is baie trots daarop, geen persoon of instansie gaan daarop trap nie.
13. U moet toesien dat ons kentekens waar u ook al beweeg deur geen persoon *misbruik* word nie.
14. Daar word van die gebiedshoof verwag om leiding te neem in enige situasie in sy gebied. Hy/sy is egter gevrywaar as so ñ insident ñ bedreiging vir sy eie eiendom of mense inhou. Dan sal die onmiddellike wykshoof of ñ aangrensende gebiedshoof die bevel en beheer oorneem.
15. Die gebiedshoof moet alle ernstige voorvalle dadelik met die voorsitter kommunikeer sodat daar saam belangrike besluite geneem kan word.
16. Waar baie groot insidente plaasvind bv. Buite beheer veldbrande moet ñ (GOS) gemeenskaplike operasie sentrum gestig word waar vandaan die bevel en beheer van so ñ insident sal plaasvind Die sentrum kan geskuif word op die toneel soos nodig. Tydens so ñ insident word die brandweer personeel en ander *nodige* organisasies se *uitvoerende beampte op die toneel* ook betrek nie elke "tom, dick en harry" wat sy lyf wil kom rondgooi nie.

17. Die gebiedshoof word ook aangestel om na die sedes en moraliteit van ons organisasie te kyk en aan te spreek waar nodig. Ons organisasie is op ñ Christelike grondslag geskoei en so **sal** ons handel.

## 7. SEKRETARIS/SEKRETARESSE

Die sekretaris/esse is verantwoordelik vir alle administrasie in die organisasie. Die persoon wat dien op die dagbestuur word net soos die ander lede elke twee jaar in die pos aangestel. Die verkose persoon het die selfde voorregte as die gebiedshoofde en word ook op die manier uitgeken deur die gebruik van die toepaslike rangorde en kentekens.

**VERANTWOORDELIKHEDE:**

1. Die sekretaris/esse is verantwoordelik vir alle administrasie in die organisasie.
2. Die opstel en bymekaarmaak van maandstate
3. Die byhou van alle notules en agendas
4. Die bespreking van komitee kamers vir vergaderings
5. Uitstuur van agendas en notules
6. Opstel en byhou van alle roep groep lede lyste (so volledig moontlik)
7. Opstel van ñ behoorlike maandverslag aan die voorsitter tussen die 26ste en die 30ste van elke maand.
8. Beskikbaarstelling van enige inligting aan gemagtigde persone op aanvraag.
9. Die persoon moet beskik oor faks, e-pos en telekommunikasie geriewe vir die afhandeling van sy of haar take.
10. Die persoon moet die voorsitter/visevoorsitter kan vergesel na vergaderings as verkies word.
11. Alle reëlings en take wat deur die voorsitter opgedra word of alle redelike versoeke met die goedkeuring van die voorsitter deur enige lid van die dagbestuur tot uitvoer kan bring.

## 7.1 TESOURIER

Die tesourier word aangestel om oor die finansiële sy van die organisasie wag te hou. Sy of haar pligte is dan soos volg.

1. Ñ volledige boekhou stelsel op die been te bring en te onderhou.
2. Die persoon moet rekenaar vaardig wees met om meer “pastel”.
3. Sorg dat daar deeglik rekenskap gegee kan word van ledegeld.
4. Daar moet op kort kennisgewing rekenskap gegee kan word van watter lede opbetaal is al dan nie.
5. Sy/hy moet toereken vatbaar wees en verantwoordelik wees van alle gelde ontvang en uit gegee.
6. Sy/hy moet ñ eerlike persoon wees met geen agtergrond van oneerlikheid nie. Agtergrond studie vir eerlikheid word deur die wet vereis.
7. Persoon moet op hoogte wees van goeie beleggings vernuf, om sodoende die fondse ook op die manier uit te brei en te bestuur.
8. Die persoon is verantwoordbaar direk aan die voorsitter en geen inligting rondom finansies mag aan enige persoon sonder sy/haar medewete beskikbaar gestel word nie.
9. Daar sal elke maand ñ mondelinge verslag vereis word aan die dagbestuur oor die stand van die finansies.
10. Eenmaal per jaar sal tydens die algemene jaar vergadering ñ volledige uiteensetting van die stand van die organisasie se finansies verlang word.
11. Die tesourier mag enige persoon (lid) kontak rondom die invordering van ledegeld en/of die opvolg daarvan.
12. Die persoon is by magte om rekeninge uit te stuur, gelde te ontvang op ñ manier wat die taak vir hom/haar maklik maak.
13. Die persoon mag die rekening op die Internet bestuur om sy/haar taak te vergemaklik en om bank koste te verminder met nodige sekuriteit maatreëls in plek.

14. Die persoon het ñ aanstelling om op die dagbestuur te dien en sal dieselfde voordele, magte en pligte as hulle geniet.
15. Daar word verwag dat die boeke een keer per jaar deur ñ geakkrediteerde ouditeur na gegaan word.
16. Daar sal deur die voorsitter ñ finansiële beleid komitee saamgestel word om ñ beleid te vorm rondom die implementering en gebruik van die finansies. Na sukses volle formulering en aanvaarding daarvan sal dit in die konstitusie opgeneem word onder finansies.
17. Die tesourier mag met enige persoon kontak maak om inligting te verkry en/of aanspreek oor finansies en/of enige aspek wat met finansies te doen het ingevolge ons organisasie.
18. Die tesourier mag enige voorstelle en/of veranderinge rondom die bestuur van die finansies maak, maar slegs tot uitvoer bring deur die goedkeuring van die dagbestuur.



## 8. STRATEGIESE BEPLANNING

Die strategiese beplanner is ‘n aanstelling wat primêr te doen het om die organisasie te laat groei in lyn met die wet (wet 101 of 1998). Die volgende kriteria is aan die aanstelling toevertrou.

1. Die lid het volle stemreg op die dag bestuur
2. Die lid rapporteer aan en kry opdragte direk van die voorsitter
3. Skakel met Nasionale Departemente
4. Skakel met Nasionale Sambreel Brand beskermings vereniging
5. Skakel met NW Provinsiale Premier
6. Skakel met Provinsiale Wetgewer
7. Skakel met LUK COGTA ( Department of Cooperative Governance and Traditional Affairs)
8. Skakel met Nasionale Rampbestuur
9. Skakel met Provinsiale Rampbestuur
10. Skakel met Distrik Munisipale bestuur
11. Skakel met Plaaslike Munisipale Bestuur
12. Skakel met Internasionale Ambassades
13. Skakel met Universiteite, plaaslik en internasionaal
14. En alle verwante instellings op alle vlakke
15. SAPS
16. SANDF
17. Mynhuise
18. Departement Waterwese
19. Fondsinsameling projekte
20. Strategiese beplanning (5 en 10 jaar)
21. Aktivering van lug steun
22. Aktivering van SADC interaksie
23. Sosio-ekonomiese ontwikkeling
24. Opleiding

25. Skakeling met SETAs
26. Skakeling met Tradisionele Leiers (Barolong)

# HOOFSTUK 4

## KOMMUNIKASIE

### 9.GEBIEDSKOMMUNIKASIE HOOF

Die Kommunikasie hoof hanteer namens die Voorsitter die aansoeke vir radio's deur lede (Oscar-stasies). Hierdie prosedure word in punt 8 uiteengesit. Hy is verantwoordelik om saam met die Gebiedshoof rekord te hou van die amptelike en privaat radio's in die netwerk.

**PROSEDURES VIR DIE AANKOOP VAN RADIOS MET BURG B- EN MARNET- (NNAR) FASILITEITE VIR RAMPBESTUUR- (BURG B-) LEDE EN PROSEDURES VIR HANDELAARS:**

**9.1. INLEIDING:**

Daar heers verwarring en onsekerheid oor die aspek. Na vele frustrasies is besluit om 'n inligtingstuk namens Rampbestuur aan ons lede en die handelaars beskikbaar te stel. Hopelik sal die probleme hiermee ondervang word.

Sekere radiofrekwensies is toegestaan vir die uitsluitlike gebruik van Rampbestuur (Burg B). Vanaf 1993 het die aantal radio's en die verkeer op die frekwensies geweldig toegeneem. Die gebruik van die frekwensies het haas onhanteerbaar geword.

Die verskillende bande wat gebruik kan word is: 27 MHz (B band), 29 MHz (B band) en 67 MHz (Baie hoë frekwensie: Midband). Die eerste twee bande is nie nou ter sake nie en aandag sal slegs aan die derde band geskenk word.

Onthou Burgerband (ou cb radio's wat met kristalle werk) is glad nie ter sprake by Rampbestuur nie, tensy hulle op ñ onwettige manier die frekwensies ontvang het.

**9.3. DIE 67 MHz (MIDBAND):**

Die frekwensies in hierdie band is die eiendom van die S.A. Weermag, dog sekere frekwensies is aan Rampbestuur toegeken, eintlik geleen. Ongelukkig verskil die werkswyses in die

verskillende provinsies. Aandag sal net geskenk word aan die in die voormalige Transvaal (nou: Noordwes, Gauteng, Mpumalanga en Noordelike Provinsies).

Die kanale en frekwensies is soos volg:

Kanaal 1: NNAR-fasiliteit (66,275 of 67,500 MHz)
Kanaal 2: Nasionale Noodroepkanaal (67,000 MHz)
Kanaal 3: Werkskanaal vir spesifieke Gebiede, byvoorbeeld Gatsrand (Fochville, deel van Potchefstroom-distrik) (67,024 MHz)
Kanaal 4: Werkskanaal vir spesifieke Gebiede, byvoorbeeld Ventersdorp en Noord-Vrystaat) (67,050 MHz)
Kanaal 5: Werkskanaal vir spesifieke Gebiede, byvoorbeeld Vaalrivier (Potchefstroom-distrik), Lichtenburg (67,075 MHz)
Kanaal 6: Werkskanaal vir spesifieke Gebiede, byvoorbeeld Hartebeesfontein (distrik van Hartebeesfontein, Klerksdorp en Stilfontein. Laas genoemde is amptelik nie ‘n distrik nie). (67,100 MHz)
Kanaal 7: Potchefstroom Stedelik en Landelik, Van der Bijlpark (67,125 MHz)
Kanaal 8: Nooddienste en Noodbestuurkanaal (Polisie en Brandweer) (67,150 MHz)

Kanaal 1 word alleenlik deur die Sein eenheid van die Weermag toegeken.

Kanaal 2 is die Nasionale Noodroepkanaal. Dit is geen gesprekskanaal nie en word net vir Noodroepe gebruik.

Kanaal 3 – 7 word aan verskillende Gebiede toegeken as ‘n werkskanaal. Dit is bedoel om algemene inligting deur te gee, rampe en gevare te bestry en radiokontrole te doen.

**Die gebruik wat mense het om van een kanaal na ‘n ander te hop en nie ‘n beurt op die werkskanaal af te wag nie, is letterlik ‘n oortreding van die voorwaardes waaronder ons lisensies toegestaan word en stel ons bloot aan opskorting van die lisensie!**

Die werkskanaal is eintlik ook nie ‘n geselskanaal nie, dit vervang nie die telefoon nie en dit is ook nie ‘n boerderykanaal nie. Hou dus die gesprekke kort. (As iemand in ‘n mobiel op pad dorp toe is en jy het dringend iets nodig, sê dit kort en saaklik.)

Onthou sommige radio’s kan van ‘n “scan” voorsien word, wat dit vir jou moontlik maak om met jou eie mobiel op die privaatkanaal in verbinding te kom sonder om kanaal 2 te gebruik – raadpleeg jou handelaar. Moderne radios maak ook voorsiening vir die inprogrammering van veel meer kanale. Indien ‘n radio nie van ‘n NNAR-fasiliteit voorsien is nie, kan kanaal 1 wel as privaatkanaal gebruik word. Kanale bokant kanaal 8 kan ook as privaatkanale ingestel word. Spesiale goedkeuring moet by die Suid-Afrikaanse Telekommunikasie-Regulerings-Outoriteit (SATRO; South African Telecommunications Regulatory Aothority – SATRA) vir toekenning van privaatkanale gekry word.

Daar is talle mense wat verlei word om ‘n sekere stelsel aan te skaf, waarvolgens jy dan direk by ‘n sekere groep boere ingeskakel is, sowel as by ‘n beheerkamer iewers aan die rand. As

pasella gee hierdie handelaar dan ‘n algemene Noodroepkanaal 2 waarmee jy in tye van nood op kanaal 2 kan roep: Help! Jy is nooit lid van Ramp-bestuur nie, jy neem nie deel aan Rampbestuur se stelsel nie, maar nou is ons goed genoeg om jou te hulp te snel (elkeen op sy eie koste)! Waar is jou groep boere en daardie wonderlike beheerkamer nou?

Handelaars indien u enige tyd in die toekoms radios verkoop en installeer sonder dat die regte prosedures eers gevolg is, gaan ons nie meer help nie. Ons het in die afgelope maande agteroor gebuig om hierdie onwettige bedieners gewettig te kry. Dit is nou iets van die verlede.

Daar bestaan ‘n behoefte om alarmstelsels anders as Marnet by die rampbestuurstelsel in te skakel. Alle stelsels is egter nie goed gekeur nie, maak seker voordat u koste hiervoor aangaan (byvoorbeeld Stemalarms).

**9.4TIPE RADIOS:**

Hier gaan geen spesifieke fabrikaat adverteer word nie. U moet dus ‘n radio koop wat met midband toegerus is, waarop 66,275 en 67 MHz in geprogrammeer kan word. Dit sal dan in al u Brug B-, NNAR- (Marnet) en privaat behoeftes voorsien. Handelaars moet onder geen omstandigheid die kliënt probeer wysmaak dit is ‘n Marnet-radio nie! Dit is ‘n advertensie foefie! Die kliënt kan nou ‘n keuse uitoefen tussen ‘n midband radio met slegs Rampbestuur-kanale of ‘n midband radio met Rampbestuur-kanale sowel as met ‘n NNAR-kanaal. Die kliënt moet self besluit wat sy/haar behoeftes is. Handelaars adviseer u kliënte oor die verskillende fabrikate en hulle tegniese vermoëns. Ongelukkig is slegs sekere radio’s goedgekeur vir die toevoeging van die Marnet-kanaal. As u dus ‘n verkeerde keuse uitoefen kan u nie ‘n Marnet-kanaal bykry nie. Hier sal die spesifieke fabrikaat dus noodwendig ter sprake moet kom.

Alle persone wat in besit is van radio’s met rampbestuur-kanale (2-8) of wat nog aansoek daarvoor moet doen, moet ingeskrewe lede van rampbestuur wees. Indien u dus nie ’n offisiële aansoekvorm ingevul het, wat in besit van rampbestuur Potchefstroom Landelik is nie kan u, u lidmaatskap van die organisasie ontsê word en is dit ñ oortreding om op die lug te kommunikeer. Persone wat hulle hieraan skuldig maak sal as ñ laaste uitweg aan “ICASA” verkla word en sal u ñ besoek van hulle te wagte wees, waar u indien in besit van rampbestuur kanale u radio verloor en ñ boete opgelê word.

**RADIOS MET RAMPBESTUUR-KANALE:**

Hier moet u kies volgens die vermoë van die radio en u sak. Die handelaar is die persoon wat u hier kan inlig. Onthou basis stelle moet darem aan sekere vereistes voldoen en alle radio’s kan nie van ‘n “scan” fasiliteit voorsien word nie. Daar is goeie mobiele radio’s op die mark wat nie noodwendig aan die vereistes van ‘n basis stel hoef te voldoen nie. Handelaars kan kliënte van goeie advies bedien sonder dat hulle beskuldig hoef te word dat hulle slegs in verkope belangstel.

**RADIOS MET RAMPBESTUUR- EN NNAR-KANALE:**

Die doel van MARNET (nou bekend as die NNAR-stelsel) is om ‘n noodalarmstelsels te verskaf waarop die NNAR kan reageer. Maak dus asseblief seker hoe hierdie fasiliteit wel in u Gebied bedryf kan word en of dit prakties haalbaar is. Slegs die volgende fabrikate radio’s is goedgekeur: Ranger SRL 1645, Z66, Alcom AS 1000, QD CH1000, Genesis QD, Bantam MX, IRC RMM 1 of 2.

## 9.5. PROSEDURES VIR DIE AANKOOP VAN ‘N RADIO EN DIE AANSOEK OM ‘N LISENSIE:

INLIGTING OOR RADIOS

Besoek soveel handelaars moontlik en vergewis u van fabrikate, fasiliteite en pryse. Maak dan ‘n keuse volgens u behoefte en u sak. Vergewis u ook van die nasorgdiens wat die handelaar bied.

### 9.5.1 RAMPBESTUUR-BEHEER:

In die verlede is alle radio-aansoeke deur die Gebiedshoof beheer. Op ‘n Gebieds-bestuur vergadering is besluit dat verligting aan die Gebiedshoof gegee sal word deur ‘n Kommunikasie hoof te benoem. Vanaf 25 Julie 2008 kan lede sowel as hande-laars met die Kommunikasie hoof onderhandel. **Slegs die kommunikasie hoof en/of Voorsitter sal roepseine toeken, nadat alle dokumentasie afgehandel is en die aansoek deur die dagbestuur aanvaar is. Geen tydelike roepseine sal toegeken word nie.!** Nuwe roepseine moet egter elke maand aan die voorsitter gestuur word sodat dit op die numeriese lys aangebring kan word en na ander gebiedshoofde deurgegee kan word. Hier volg die besonderhede:

### 9.5.2 AANSOEK OM LISENSIE:

1. Voltooi die agt-blad blou-en-geel aansoekvorm van ICASA volledig in enkelvoud, om ‘n radiokommunikasie lisensie te verkry. Die vorm is by ICASA of die handelaar verkrygbaar. Die handelaar moet die voornemende radiogebruikers help, veral met die voltooiing van die tegniese besonderhede van die radio.

2. Voltooi Afdeling 1 (Section 1) Kommersiële Radio-aansoekvorm op bls. 1 (vooraansig van buiteblad) met ‘n swart pen. Onthou p[ hierdie bladsy word net die laaste blok: ‘Type of Service’ in die ronde ruimtes afgemerk: ‘Other’, ‘Civil Defence’, ‘Private’.

3. Die handelaar moet die tegniese besonderhede op bladsy drie tot ses vir die aansoeker voltooi. Laat die koördinate op bls. 4 en 5 oop sodat die Kommunikasie-hoof van Rampbestuur Potchefstroom Landelik dit kan voltooi. Die Kommunikasie hoof sal ook die frekwensie besonderhede voltooi.

4. Hierna moet die aansoeker die vorm na die Kommunikasie hoof neem, kyk paragraaf 8.4.2 hierbo. Maak eers telefonies met hom ‘n afspraak. Die Kommunikasie hoof sal bepaal of

u ‘n ingeskrewe lid van Rampbestuur is of nie. Indien nie, moet u ‘n aansoekvorm om lidmaatskap volledig by hom voltooi. Hierdie vorms het ons in die verlede dikwels by die handelaar gelaat. In die toe-koms sal dit alleen verkrygbaar wees by die Kommunikasie- of die Gebiedshoof, kyk paragraaf 8.4.2 hierbo. Die Kommunikasie hoof sal u adres (koördinate) op ‘n kaart bepaal. U moet egter presies vir hom kan aantoon waar u bly. Hy sal met u kortliks die gebruik van die radio aantoon, in watter Rampbestuur-Wyk u val, wie u Wykshoof is, in watter Roepgroep u val en wie u Gebiedshoof is. U moet ook ‘n vorm by hom voltooi wat aandui dat u verstaan onder watter voorwaardes u tot die rampbestuur-radionetwerk toegelaat kan word (kyk paragraaf 8.6).

5. Enige aansoek tot lidmaatskap sal voorgelê word aan die dagbestuur van Rampbestuur Potchefstroom Landelik en sal daar gesamentlik besluit word of ñ persoon se aansoek suksesvol is al dan nie. Sou so ñ aansoek onsuksesvol wees, sal ñ volledige verduideliking aan die applikant gegee word, waarna hy die nodige regstellings kan doen en weer indien. Die finale besluit lê egter altyd by die voorsitter.

6. Die persoon se naam wat op die aansoek vorm verskyn word beskou as die roepsein houer en sal hy/sy toesien dat dissipline gehandhaaf word in of buite sy/haar teenwoordigheid t.o.v. die gebruik van sy/haar roepsein nommer. Geen korrespondensie of briefwisseling van watter aard sal gevoer word met enige persoon t.o.v. amptelike aktiwiteite nie behalwe die oorspronklike roepsein houer. Sou ñ persoon afstand doen of iemand anders in sy plek wil aanstel as roepsein houer moet ñ skriftelike versoek ingedien word by enige lid van die dagbestuur waarna dit gesien sal word as ñ nuwe aansoek en dien ooreenkomstig opgetree sal word alhoewel die roepsein dieselfde sal bly.

7. Indien ‘n stel met ‘n NNAR-fasiliteit ter sprake is, moet die besonderhede oor die verlangde werkgebied waar die voornemende gebruiker se NNAR-stelsel gaan inskakel volledig deur die handelaar op die lisensie-aansoekvorm ingevul word. Daar moet ook duidelik aangetoon word of daar wel vir die gebruik van NNAR aansoek gedoen word.

8. Die voltooide vorms sal nou deur die Kommunikasie hoof verder verwerk word. Hy sal ‘n Rampbestuur-roepsein aan u toeken. Die Kommunikasie hoof lewer die voltooide vorms by die Gebiedshoof in.

9. Die Gebiedshoof kontroleer of alles volledig is.

10. Ñ persoon kan die radio begin gebruik sodra alle dokumentasie bevredigend afgehandel is en hy/sy toestemming van die kommunikasie hoof gekry het om op die “lug” te kommunikeer.

**11.** Privaat kanaal. Almal kan ook hiervoor aansoek doen, mits hulle ‘n basisstel en ‘n mobiele stel wil aanskaf. Hierdie privaat kanaal kan eerder gebruik om met die mobiel in verbinding te tree as om kanaal 2 en die werk kanaal te misbruik. Dit is ook ‘n kanaal waarmee die mobiel met die basis in verbinding kan kom. Hierdie kanaal kan alleenlik deur die handelaar in geprogrammeer word **nadat die lisensie ontvang is waar die frekwensie van die kanaal aangetoon word.**

12. Enige persoon wat die bg. Prosedure verontagsaam of teenstrydig optree met enige bepalings t.o.v. die gebruik van die radio, frekwensies en of misbruik daarvan, kan en mag sy roepsein verloor en dien ooreenkomstig sy of haar lidmaatskap tot die organisasie soos bepaal deur die kommunikasie beampte, vise- en voorsitter verloor. Die finale beslissing lê egter by die voorsitter. So ñ persoon sal ñ vertoë mag rig aan die voorsitter en sal hy/sy voor die dagbestuur mag verskyn om sy/haar saak te opper. Die finale besluit van hertoelating of permanente skrap van die lede register lê by die voorsitter wat se besluit as finaal beskou word.

13. Sou enige persoon na ñ tydperk van twee (2) jaar nie deelneem aan radio toetse nie of ñ positiewe deel uitmaak van die organisasie nie m.a.w. in die niet verdwyn sal sy/haar naam geskrap word van die lede register en die roepsein sal her-allokeer word na ñ nuwe aansoeker.

## SPRAAKPROSEDURE / DISSIPLINE VIR RADIO-OPERATEURS

### 1. INLEIDING:

Dis is gedurende noodtoestande of enige gebeurlikheid wat snelle optrede vereis, van uiterste belang dat 'n boodskap vinnig en akkuraat oorgesend moet word. Tydens oorsendings, veral gedurende ongunstige weerstoestande, kan 'n mens se stem tot so 'n mate vervorm word, dat dit na 'n onverstaanbare gemompel kan klink by ontvangs. Wanneer twee operateurs egter ten volle vertroud is met die gemeenskaplike prosedure, kan dit dan selfs gedurende ongunstige omstandighede moontlik wees om volgehoue kommunikasie oor die radio skakel te bewerkstellig. Waar afwyking van die standaard prosedures mag voorkom behoort inisiatief en gesonde verstand te voldoen.

### 2. DOEL:

Die doel van hierdie dokument is om eenvormige spraak prosedures binne SATEKG-verband, vir alle radio operateurs neer te lê.

### 3. KOMMUNIKASIESEKERHEID:

In die belang van kommunikasie sekerheid moet oorsendings per radio so kort, bondig en duidelik as moontlik wees. Alle gebruikers van radio-uitrusting word gewaarsku dat oorsendings per radio aan vyandelike onderskeppings onderhewig is. Geklassifiseerde inligting mag dus nie oorgesend word nie.

### 4. 'n RADIONET:

a. 'n Groep radiostasies op dieselfde frekwensie, met die doel om onderling te kommunikeer, word 'n radionet genoem. 'n Radionet het twee tipes stasies naamlik:

   i. 'n Netbeheerstasie (NBS)
   ii. Substasie/s

b. Die netbeheerstasie bedien gewoonlik die senior hoofkwartier van die operasie op die net en is verantwoordelik vir die doeltreffende klaring van verkeer. Die oorblywende stasie/s op die net word substasies genoem en moet bevele vanaf die beheerstasie gehoorsaam.

**5. DISSIPLINE:**

Goeie dissipline is noodsaaklik vir die bedryf van ‘n radionet. Ongeag sy rang, is die netbeheerstasie operateur in bevel van die radionet en verantwoordelik vir dissipline. Radio dissipline behels die volgende:

a. Korrekte gebruik van spraak prosedure.

b. Oop- en toemaak van stasies.

c. Gebruik van die korrekte frekwensie.

**6. BEDRYFSREËLS:**

Alleenlik een stasie kan op 'n keer op 'n spesifieke frekwensie praat. Om verwarring te vermy moet die volgende reëls nagekom word:

a. Luister in, om te verseker dat die frekwensie skoon is, voor oorsending, en moenie op ander oorsendings inbreuk maak nie. Voorsiening moet ook gemaak word waar alleenlik een van die deelnemers aan 'n gesprek deur u gehoor kan word.

b. Hou kort tussenposes tussen sinsnedes en teen die einde van 'n gesprek, om vir inbreuk prosedures voorsiening te maak. Om dit te bewerkstellig moet die drukskakelaar (PTT-Press to talk) skakelaar of VOX (Voice operated switch), gelos word.

c. Beantwoord alle roepe onmiddellik en in die korrekte volgorde.

d. Verseker dat die radiostel na elke oorsending tot ontvangs terugkeer. Een drukskakelaar wat vassteek kan 'n net in chaos dompel.

e. Om kring tyd meer doeltreffend te kan benut moet alle berigte, of hulle kern, voor oorsending, neergeskryf word. Berigte wat deur die ontvangs operateurs aan 'n ander persoon afgelewer moet word, of deur die woord “Berig” voorafgegaan word, moet neergeskryf word.

f. Behalwe die neergelegde uitspraak van 'n syfer, moet oorsending per radio duidelik wees, met natuurlike nadruk op elke woord in gewone sinsnedes uitgespreek word en nie woord vir woord nie.

g. Wanneer dit nodig is vir 'n stasie om toets seine te maak vir verstelling van die sender of ontvanger, of voordat 'n roep gemaak word, moet sulke roepe nie vir langer as 10 sekondes duur nie, en moet bestaan uit gesproke syfers (1, 2, 3, ensovoorts), gevolg deur die roepsein van die stasie wat die roep maak.

h. In Potchefstroom handhaaf ons stilte tyd tussen 21H00 en 6H00. Geen persoon mag die rampbestuur kanale gebruik m.a.w. kanaal 2 tot 8 indien hy/sy ñ nood ervaar nie. Die bogenoemde sluit ook Sondae hele dag in asook Christelike vakansie dae bv. Kersdag en Goeie Vrydag.

i. Ons poog om mense radio vriendelike gebruikers te maak en te hou. Sou ñ persoon oortree sal daar op ñ opbouende en positiewe manier gehandel word om die probleem reg te stel.

## 7. ROEPSEIN:

a. Vir elke radio-oorsending is dit nodig dat die oorsendings stasie homself en die stasie waarmee hy in verbinding wil tree, moet identifiseer .

b. Roepseine behoort uit een of twee syfers of 'n kombinasie van syfers en letter te bestaan.

c. Roepseine word aanvanklik gebruik om kontak tussen twee radiostasies te bewerkstellig. Roepseine word ook somtyds gebruik om 'n hoofkwartier of substasie in die teks van 'n berig te vervang. Die roepsein word voorafgegaan deur die woord "Roepsein" wanneer dit vir verwysings doeleindes gebruik word

### 7.1. Volgende noodroep kodes is in gebruik:

Kode 2: Nood
Kode 3: Brand
Kode 4: Water
Kode 5: Afwesig tot verdere kennisgewing

## 8. SPRAAKTEGNIEK:

Spraak berigte moet so oorgesend word dat dit maklik verstaanbaar is. Indien aandag nie gegee word aan die manier van spraak en die plasing van die mikrofoon nie, sal oorsendings onbevredigend wees en sal tyd verspil word met herhalings en die totstandkoming van kommunikasies. Die volgende reëls moet nagekom word:

a. Hou die mikrofoon naby die mond.

b. Spraak sal makliker verstaanbaar wees indien die volgende faktore in ag geneem word:

RSVT – Ritme – Spoed – Volume – Toonhoogte.

i. Ritme – hou 'n natuurlike ritme. Verdeel die berig in sinvolle sinsnedes.

ii. Spoed – ietwat stadiger as normale gesprek.

iii. Volume – soos vir normale gesprek.

iii. Toonhoogte – die stem moet 'n hoër toon as normaal hê.

## 9. FONETIESE ALFABET:

Om enige letter van die alfabet te identifiseer, moet die standaard fonetiese alfabet gebruik word. Hierdie alfabet word hieronder aangegee:




copyright@Potchefstroom FPA 

| LETTER | FONETIES | UITGESPREEK AS |
|---|---|---|
| A | ALFA | ALFA |
| B | BRAVO | BRA WOU |
| C | CHARLIE | TJAR LIE |
| D | DELTA | DEL TA |
| E | ECHO | EK OU |
| F | FOXTROT | FOKS TROT |
| G | GOLF | GOLF |
| H | HOTEL | HOU TEL |
| I | INDIA | IEN DIE-A |
| J | JULIET | JOE LIE ET |
| K | KILO | KIE LOU |
| L | LIMA | LIE MA |
| M | MIKE | MAAIK |
| N | NOVEMBER | NOU VEM BER |
| O | OSCAR | OSKAR |
| P | PAPA | PAPA |
| Q | QUEBEC | KIE BEK |
| R | ROMEO | ROU MIE OU |
| S | SIERRA | SIE ER A |
| T | TANGO | TEMG GOU |
| U | UNIFORM | JOE NIE FORM |
| V | VICTOR | VIEK TA |
| W | WHISKEY | WIS KIE |
| X | XRAY | EKS RY |
| Y | YANKEE | JENG KIE |
| Z | ZULU | ZOELOE |

Nota:

Die lettergrepe wat onderstreep is dra die aksent. Moeilike woorde of groepe in die teks van gewone taal berigte kan uitgespel word deur gebruik te maak van die fonetiese alfabet, en voorafgegaan deur die pro-woord “Ek Spel”. Indien die operateur die woord kan uitspreek moet hy dit doen voor hy dit uitspel.

Voorbeeld:

“Maun” – EK SPEL (MIKE ALFA UNIFORM NOVEMBER)

Indien die teks uit uitspreekbare woorde bestaan, moet dit as sulks uitgespreek word.

**10. SYFERS:**

a. Die pro-woord “Syfers” moet vooraf gebruik word om te onderskei tussen syfers en woorde wat eenders uitgespreek word.

b. Indien syfers per radio oorgesend word, geld die volgende reëls vir uitspraak:

| **SYFERS** | **UITSPRAAK** |
|---|---|
| 0 | ZEE-ROU |
| 1 | EEN |
| 2 | TWEE |
| 3 | DRIE |
| 4 | VIER |
| 5 | VYF |
| 6 | SES |
| 7 | SEE-WE |
| 8 | A-GT |
| 9 | NEE-GE |

## 11. RAPPORTERING VAN SEINSTERKTE:

Dit word aanvaar dat 'n stasie goeie leesbaarheid en sein sterkte het, tensy anders aangedui word. Nadat kommunikasies bewerkstellig is, moet sein sterkte en leesbaarheid nie verwissel word nie, behalwe wanneer 'n ander duidelik kan hoor nie. Die stasie wat 'n ander van sy sein sterkte en leesbaarheid in kennis wil stel, sal dit doen by wyse van 'n kort en bondige rapport soos by "Swak maar leesbaar", "verwronge", "storing", ensovoorts. Uitdrukkings soos "Vyf by Nege", "Vier by Vier", sal nie gebruik word om sein sterkte en ontvangs kwaliteit aan te dui nie.

## 12. MOEILIKE TOESTANDE:

Gedurende moeilike toestande moet roepseine herhaal en "lang berigte" prosedures gebruik word. Die oorsend stasie moet die berig in kort groepe of sinsnedes oorsend en erkenning kry vir elke deel. Geen deel moet 30 sekondes oorsendings tyd oorskry nie, en elke deel moet deur die pro-woorde "MEER OM TE VOLG", gevolg word. Die sendstasie wag daarna vir 'n erkenning, of 'n versoek vir 'n herhaling van die ontvangstasie. Die oorsending moet nie voortgaan alvorens die ontvangstasie tevrede is nie.

## 13. SLOTSOM:

Volgehoue radio kommunikasie gedurende noodtoestande en gebeurlikhede, selfs tydens ongunstige omstandighede kan verseker word, in sover dit menslik moontlik is, deur die korrekte gebruik van voorafbepaalde spraak prosedures. Hierdie dokument kan onmoontlik alle moontlike variasies dek, maar aan die hand van die voorgeskrewe reëls en voorbeelde sal enige operateur wel twee rigting radio kommunikasie kan bewerkstellig. Die belangrikste faktor is dat die ontvang en sender mekaar kan verstaan en enige boodskap kan oordra.

**HOOFSTUK 5**

# POTCHEFSTROOM

# BRAND

# BESKERMINGS

# VERENIGING (Volg)



**BRANDBESTRYDINGS GEBEURLIKHEIDSPLAN**

## 10.1 Inleiding

Die gebeurlikheidsplan is op 15 Maart 2000 deur die Dagbestuur met die Brandweerhoofde van Potchefstroom en Naschem bespreek en deur die Gebiedsbestuur op 9 Mei 2000 goedgekeur. Daar is deur die destydse direktoraat openbare veiligheid van die - toe stadsraad van Potchefstroom besluit om deel te neem aan die Brandbeskermings Vereniging program. Die BBV van Potchefstroom is gestig en het ons, ons sertifikaat op die 7de April 2005 ontvang.

Optredes ten opsigte van brandbestryding kan in drie fases ingedeel word: **proaktief** (beplanning, koördinering, opleiding, opname van bronne, brandbestryder, brandbestrydingstoerusting, water punte, toegangspaaie, maak van voorbrande, beveiliging van arbeids huise, woonhuise en skure), **reaktief** (optrede tydens en na brande) en **postaktief** (nabetragting nadat brande geblus is, sodat foute in die toekoms uitgeskakel kan word en sterk punte uitgebou kan word).

## 10.2. Proaktiewe optrede

Inwoners moet **hulle voorberei om paraat te wees** om brande doeltreffend te bestry.

### 10.2.1. Voorsorgmaatreëls

Die volgende opmerkings sal die saak hopelik in perspektief stel:

1. In die verlede het mense soms op die stoep gesit en wag dat iemand anders sy veldbrand moet kom blus. Brandbestryding bly in die eerste plek die individu se eie verantwoordelikheid. (Kyk die Wet artikel 17). Gras en onkruid moet nie tot op die voorstoep of tot teen die werkershuise groei nie, want elkeen is verplig om brandstroke in stand te hou. (Kyk die Wet artikel 12). Bure moet met mekaar ‘n duidelike plan van aksie uitwerk hoe hulle gesamentlik sal optree. (Kyk die Wet artikel 18).

2. Elke Gebied moet ‘n plan van aksie hê. Elke Gebied moet weet wat en waar hulle bronne is: vuur vegters, brandspuite, tenkwaens, waterkarre, brandslaners, vuurplakke, rugsakspuite, waterpunte, roetes, Gebiedshoof, Limas en Wykshoofde W’s).

3. In die verlede is mense van ver punte ingeroep, net omdat die Gebiede en Wyke nie georganiseerd was nie. Dink aan die koste vir die persone en dan is hulle eiendom onbewaak en blootgestel aan brande.
4. Die kleinhoewes om die dorp, by Boskop, Klipdrift, Muis kraal, Mooibank, Haaskraal, Harpingtom en teen die Vaalrivier bly ’n groot kopseer. Die Wet is egter ook op elke hoewe bewoner van toepassing, soos op enige ander bewoner.

(Kyk die Wet artikel 2(1)(xi).

5. Moenie brandstof, werktuie, implemente en voertuie saam met voer in skure berg nie.

6. Sorg vir 'n vinnige metode om brand toerusting met water te vul en dra sorg dat sulke water skoon is.

7. Dit is belangrik dat wanneer eienaars weg is, die nodige sleutels aan betroubare plaashulp gegee sal word, sodat brandbestrydingstoerusting bekombaar sal wees, vir gebruik deur sy eie personeel. (Kyk die wet artikel 17(1)(b).

8. Sorg dat skoon gebrand is om skure, woonhuise en arbeidershuise. (Kyk die Wet artikel 12).

9. Gee vroegtydig kennis wanneer voorbrande gemaak moet word of vuilgoed uitgebrand word en doen dit onder deeglike toesig. (Kyk die Wet artikel 12).

### 10.2.2 . Gesamentlike vroeë waarskuwings by voorbrande en brande (Bure-hulp)

'n Gesamentlike Beplannings forum is gestig, sodat bure betyds gewaarsku kan word. Die volgende lede is betrokke: Rampbestuur Landelik, Potchefstroom Brandweer, Naschem Brandweer (NOV), SANW (Groep 30), SAPD Potchefstroom, SAPD Buffelshoek, die Landbou-unies, Waterwese, Natuurbewaring, PUK, Proefplaas, Spoornet, Telkom, Eskom en Paaie. Die doel is om die brandbeheer pogings (voorbrande) van die rolspelers te koördineer sodat grootskaalse brandskade van die verlede uitgeskakel kan word. Vroegtydige waarskuwings kan uitgereik word, sowel as hulpverlening.

Alle instansies en persone wat voorbrande maak, moet verseker dat alle wetlike verpligtinge ten opsigte van die maak van voorbrande nagekom word. (Kyk Hoofstuk 4 van die Wet)

Voor en tydens die maak van voorbrande moet daar noue skakeling wees tussen aanliggende bure. Bure moet in die enger en breër sit verstaan word. In 'n Gebied moet elke inwoner sorg dat die saak met sy naasliggende buurman(ne) vooraf gereël word. Die hele Gebied moet per radio vooraf gewaarsku word. Die Lima en Whiskeys van daardie Gebied moet kennis dra van elke voorbrand, sodat hulle by navraag, wanneer daar rook trek, kan gerusstel. Indien voorbrande in Gebiede 1, en 5 gemaak word wat gevolge vir die gronde van SANW inhou, moet hulle tydig van voorbrande in kennis gestel word. Dit is verpligtend om altyd B 1 VG, en wanneer van toepassing Naschem en PUK ook in kennis te stel.

Wanneer voorbrande op die Dorpsgrond gemaak word, sal B 1 VG die SANW en die Gebiede per radio in kennis stel. So kan die nodige berigte op die radio deurgegee word om almal te waarsku. By die dorpsgronde het Gebied 4 direk belang. Die SANW sal die volgende persone van Rampbestuur in kennis stel: wanneer voorbrande op hulle grond gemaak word.

Wanneer Naschem voorbrande maak, sal B 1 VG, LHX, L 1,L 5 HX of L 2 HX in kennis gestel word. Hierdie persone sal dan die nodige berigte op die radio deurgee om almal te waarsku.

By Naschem het Roepgroep 1 en 2 direkte belang.  Op dieselfde manier sal Natuurbewaring, Proefplaas en Waterwese ook optree, sodat die nodige kennisgewing deurgegee word.

#### 10.2.2.1.  Brandstroke

Die volgende vereistes en bepalings is op 'n vergadering Maart 2009 deur 'n algemene jaar vergadering geneem rondom BRANDSTROKE in die opvangs gebied van die BRAND BESKERMINGS VERENIGING VAN POTCHEFSTROOM (PBBV)

1) Eiendom kleiner as 30Ha moet 'n brandstrook aan jou kant van die grens hê van drie meter (3 meter).
2) Eiendom van 30Ha en Groter moet 'n brandstrook hê van minimum ses meter (6 meter).
3) ONTHOU, die brand strook moet aan jou kant van die grens wees.

## 10.3.  Reaktiewe optrede

### 10.3.1.  Vroeë waarskuwings tydens veldbrande

1. In gevalle van veldbrande wat in 'n Rampbestuur Gebied ontstaan, sal die prosedures gevolg word soos uiteengesit in 10.2.2  hierbo vir voorbrande.

2. Indien dit lyk of die brand na die bure (Gebiede, SANW, Dorpsgebied, Proefplaas, Natuurbewaring, Waterwese, Telkom, Spoornet, Naschem en PUK) versprei, moet hulle onmiddellik in kennis gestel word.

3. Indien die brande by die Bure ontstaan, sal die PBBV ook gewaarsku word.

4. Die doel van die vroeë wedersydse waarskuwing is dat die naaste Buurman dan ook sy brand spanne kan mobiliseer sodat skade tot die minimum beperk kan word en weghol brande aan bande gelê kan word.

5. Waarsku eerder te vroeg as te laat!

### 10.3.2.  <u>Riglyne vir doeltreffende optrede</u>

#### 10.3.2.1.  Alarm en lokalisering van die brand

1. Maak dadelik alarm wanneer 'n brand ontstaan.  As u naby die brand is en vertroud is met die omgewing, verwittig onmiddellik die Gebiedshoof en die Wykshoof.

2. Roep die naaste bure se hulp dadelik in sodat hulp onmiddellik verleen kan word.  Hierdeur kan brande so gou moontlik bestry word met die minste tydverkwisting en skade.

3. Indien u ʼn rokie sien draai, maak dadelik op die radio alarm, verkieslik by die Gebied waarin dit waargeneem is, sodat hulle in beweging kan kom, want hulle kan die presiese ligging van die rook die noukeurigste identifiseer. Indien daar geen reaksie vanuit die Gebied kom nie, of dit onmoontlik is om die presiese ligging van die rook vas te stel, meld dit dan by enigiemand wat op die lug inkom aan. Indien ‘n mens mobiel is, is jou reikwydte en ontvangs nie altyd so goed soos die van ‘n basis stasie nie, probeer dus kontak maak met ʼn basis stasie om by te staan.

**10.3.2.2. Terrein brand koördineerder** (Die Lima of Wykshoof van die Gebied)

1. Sodra die presiese ligging van die brand bepaal is, moet iemand so gou moontlik op die terrein bevel en beheer oorneem: Die Lima of Whiskey van die Gebied, hierna verwys as die koördineerder. Die koördineerder moet dadelik geïdentifiseer word, hy/sy moet ‘n mobiele radio hê. Hy/sy moet met die terrein, paaie en water punte bekend wees en moet verkieslik self nie die brand bestry nie, sodat alle aandag aan koördinering bestee kan word. Die eienaar van die grond is gewoonlik die persoon wat oor die nodige inligting beskik, dog die is so besig om sy eiendom te beskerm, dat by dikwels nie die funksie kan vervul nie.

2. Wanneer die lokaliteit van die brand bekend is en die koördineerder in plek is, is die volgende inligting noodsaaklik:

2.1. Inligting oor die eienaar / bewoner van die grond, roepsein en / of telefoonnommer.

2.2. Presiese ligging, plaasnaam, Wyk nommer, Gebied, pad beskrywing, Pad nommer, perseel nommer (gekoppel aan: AA, AB, AC, AD, AE, AF, AG) en Ruit verwysing.

2.3. ʼn Eienaar moet ʼn kaart van sy plaas hê wat paaie, hekke, punte waar draad geknip kan word byvoorbeeld Wildkampe, water punte, ʼn terrein beskrywing: veld begaanbaar met bakkies of nie, klipperige veld, rante, koppies, sanderig, nat. Wat hy aan die koördineerder kan oorhandig.

2.4. Doen ʼn bedreigings waardering deur ʼn deeglike vooraf evaluering van die brand te doen en te besluit op die metode van brandbestryding deur die volgende in ag te neem:

2.4.1. Geboue, plantasies, lande, voer, vee, lewe, ensovoorts wat in gevaar is.
2.4.2. Verskaf die windrigting en windsterkte.
2.4.3. Die rigting en snelheid waarteen die brand versprei.
2.4.4. Die posisie van brandstroke/brand breuke (paaie en voorbrande).
2.4.5. Die beskikbaarheid van watergat of dam, groter as 3x3 m en meer as 3 m diep vir lug skep.
2.4.6. Beskikbaarheid van mannekrag, toerusting en ander hulpbronne.

2.5. Bepaal hoeveel hulp en van watter aard benodig word.

2.6. Die koördineerder moet vuur vegters en brandbestryder inlei, moet water-aanvullings punte kan aandui en hulp kan organiseer en versprei op die terrein.

2.7. Die koördineerder kan in groot brande ook die hulp van kundiges inroep om op die terrein te adviseer, byvoorbeeld B 1 VG en Naschem (NOVEMBER). Hierdie prosedure is met die Instansies uitgewerk.

2.8. Die koördineerder moet so gou moontlik met die naaste basis stasie kontak maak om te reël vir bystand en deurgee.

2.9. Die koördineerder moet indien moontlik, 'n persoon op patrollie plaas om te moniteer dat daar nie verdere brandstigting en brandverspreiding plaasvind nie.

2.10. Roep die hulp van P 1 VG in as probleme ondervind word. Volgens die nuwe Brand wet val brande nie net op die privaatregtelike (siviele) terrein nie, maar ook op die strafregtelike.

3. Alle kanaal gebruikers moet die kanaal nou spaarsaam gebruik, sodat Brandbestryding voorkeur kan geniet.

**5. Beriggewing**

5.1. Hou berigte, versoeke en gesprekke kort en saaklik.

5.2. Skep darem tussen-in asem sodat navraag en hulp aanbieding ook gedoen kan word.

5.3. Gee voorkeur aan noodsaaklike berigte en vermy gelyktydige en onnodige gesprekke en gegorrel.

5.4. Ingeval van meer as een gelyktydige brand in ons Gebied, kan lugverkeer kanaal 7 oorlaai. Alleenlik Lima HX of Lima 5 HX kan by omliggende Giebiedshoofde toestemming verkry om kanale 3, 4, 5, of 6 te gebruik. Die "geleende" kanaal/kanale sal dan aan spesifieke koördineerders en hulle spanne toegeken word.

5.5. Ons moet dit vermy om sonder enige reëling sommer van een kanaal na 'n ander te "hop". Dit is onwettig.

**6. Afhandeling van brandbestryding**

6.1. Verwittig stasies dadelik as brande geblus is, sodat mense wat oor 'n ver afstand kom, dadelik kan omdraai en die kanaal weer vir gewone verkeer oopgestel kan word.

6.2. Stel u spesifieke Wykshoof, Gebiedshoof dadelik in kennis.

6.3. Kyk verder 10.4 Post- aktiewe optrede.

**10.3.3. *Modus operandus*** vir doeltreffende brandbestryding

Na alles wat in 10.3.1 en 10.3.2 uiteengesit is, is dit noodsaaklik om aandag te skenk aan die gesamentlike bestryding en blus van die veldbrande. Die volgende *modus operandus* is bevind om goeie resultate te lewer:

**BBV alleen**

1. Die voertuig/voertuie met die grootste brandbestryding vermoëns word aangewend by die hoogste risiko areas van die brand, met ander woorde waar lewens, geboue, vee en oeste bedreig word.

2. Indien die risiko's in punt 1 genoem nie bestaan nie:

2.1. Die voertuig / voertuie met die grootste brandbestryding vermoë (leier voertuig) word aangewend op die brand lyn waar die verspreiding van die brand die vinnigste plaasvind (gewoonlik aan die wind afkant).
2.2. Die leier voertuig moet deur 'n opvolg voertuig met 'n vuur vegter, harke en vuur plakke gevolg word om te verhoed dat die brand agter die leier voertuig weer opvlam.
2.3. Net agter die opvolg voertuig volg 'n bystand voertuig. Sodra die leier voertuig se water op is, neem die opvolg voertuig die leier voertuig se plek in en die bystand voertuig word die opvolg voertuig.
2.4. Die oorblywende voertuie word dan na gelang van die risiko op ander punte van die brand aangewend. Elke vuur vegter moet met 'n opvolg voertuig en 'n persoon met vuur plak ondersteun word om te verhoed dat die brand agter die eerste vuur vegter weer opvlam.

**PBBV bygestaan deur 'n Brandweerdiens**

1. Sodra 'n brandweerdiens aansluit by Rampbestuur, sluit die koördineerder onmiddellik by die **offisier in beheer aan.**

2. Na oorlegpleging sal die offisier in beheer dan beheer van bestryding oorneem, **steeds vergesel deur die koördineerder**.

3. Die brandweer se voertuig word dan die leier voertuig en alle opvolg- en Bystands voertuie sal steeds dieselfde prosedure volg soos uiteengesit in punte 1 en 2 hierbo by Rampbestuur alleen.

4. Die weermag moet in geroep word as die brand kode oranje bereik, sodat hulle kan vas stel of die vliegtuie op 'n gereedheid program gestel moet word.

### 10.3. Post aktiewe optrede

Nadat die brand geblus is moet die volgende sake gereël word:

1. Die eienaar / bewoner moet nou verder toesig hou op die terrein en sorg dat die vuur nie weer opstaan as gevolg van gloeiende kole, mis ensovoorts nie.

2. Die Wykshoof of die brand koördineerder in oorleg met die eienaar / bewoner maak 'n beraming van die oppervlak wat afgebrand is, die skade wat bereken is, 'n skatting van die finansiële verlies, die persone wat betrokke was by die bestryding van die brand, die ure wat die bestryders gebruik het en die afstande afgelê, asook hoe die brand ontstaan het. Hierdie gegewens moet skriftelik aan LHX deurgegee word op die 29ste van elke maand. Die gegewens word weer deurgegee aan B 1 VG, die provinsie en die Departement van Waterwese sodat 'n brandgevaaraanslag vir elke streek opgestel kan word. Op die oomblik is statistieke nog nie in die Nasionale sfeer beskikbaar om so 'n aanslag op te stel nie. Die Wet vereis dan dat die Minister van sodanige statistieke voorsien sal word. Dit gee ook 'n aanduiding van watter inwoners hulle kant bring.

3. In gevalle waar misdaad vermoed word, byvoorbeeld brandstigting en agterlosige brandbeheer, moet die eienaar / bewoner dadelik die saak aan R P (ROMEO PAPA) word, sodat die SAPD daarvan kennis sal neem.

4. By alle brande waar misdaad vermoed word, moet die SAPD versoek word om vorm SAP 3 MB te voltooi, asook om die Mas nommer van die saak te verskaf. Sedert Junie 2008 is die SAPD genoodsaak om elke brand te ondersoek.


5. Wanneer 'n brand afgehandel is, is alle betrokkenes gewoonlik moeg en geïrriteerd, dog dit is die beste tyd om daar en dan 'n vergadering op die terrein te hou en die gebeure in oënskou te neem. Hierdeur kan foute gedurende die optrede uitgewys en beplan word om dit in die toekoms te vermy. Sterk punte kan uitgebou word. Indien 'n GOS saamgeroep is, is dit die aangewese instansie om die nabetragting te doen.

6. Hulpverlening deur die Gebied of Wyk aan slagoffers het in die verlede gewoonlik agterweë gebly, dog dit is 'n aspek waaraan in die toekoms wel deeglik aandag gegee kan word.



# HOOFSTUK 6

## BEDANKINGS



Die volgende persone word bedank vir mee werking aan hierdie handleiding.

- Prof. Pieter Brand
- Dr. Kobus Roux
- Mnr. Apie Sauer
- Mnr Hennie Kruger
- Mnr. Rudi du Toit
- Mnr. Leroy Pretorius
- Elke Gebieds- en wykshoof
- Alle lede van ons organisasie, instansies en belanghebbende persone
- Alle mense wat agter die skerms gewerk het om hierdie handleiding uniek aan

  **POTCHEFSTROOM BRAND BESKERMING VERENIGING**

  te maak.

KOPIEREG BESTAAN OP HIERDIE HANDLEIDING